

Sing vooraf: Psalm 86:1 (p. 431)

- 1 HEER, my God, ontferm U oor my, / luister na my stem, verhoor my!
'k Is ellendig, diep in nood, / gans en al van hulp ontbloot.
O bewaar my, U 's almagtig; / maak my weer u guns deelagtig;
red u kneg, verlos my nou, / waar 'k alleen op U vertrou.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 18:1 (p. 71)

- 1 Ek het U hartlik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 31:4 (p. 144)

- 4 Ek gee my gees oor in u hande, / my Redder, wat my trou / in veil'ge hoede hou.
Ek haat hul wat met offerbrande / hul neerbuig voor die gode. / Ek steun op God in node.

Skriflesing: Matteus 11

Teks: Matteus 11:28; Kategismus Sondag 5

Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. (Matteus 11:28 AFR1953)

Die ding oor die oordeel van die Here het 'n verlammeende effek op baie mense.

- Dit laat hulle voel dat alles nodeloos is, want ons kan niks aan ons sondes doen nie, en ons kan ook nie van die oordeel van die Here af loskom nie.
- Dit maak dat daar mense is wat dan maar net alles oorboord gooi en sê (en glo!) dat die hele lewe 'n nuttelose oefening is waarin mense jaag na geluk.

In die gedeelte wat ons gelees het, is daar 'n merkwaardige uitnodiging.

- Die Here Jesus wat gehaat en uiteindelik gekruisig is, nooi almal wat moeg is (ook geestelik uitgerafel!) en wat swaar laste dra, om na Hom toe te kom.
- Hy sal vir al sulke mense wat met die spanning en dreigemente van die lewe by Hom opdaag om hulp te kry, rus gee.

Op die oog af, klink dit maar net weer na die tradisionele manier van preek, maar dit is nie.

- Daar is deesdae heelwat mense wat spanning – spesifiek geloofspanning – deurmaak.

- Hulle wonder of die genade van die Here ooit genoeg is dat hulle die binnekant van die hemel sal sien.
- Of hulle worstel met sondes van hulle verlede. Hulle kan net nie by die punt kom dat hulle kan glo dat die Here hulle dit vergewe het nie.

Daarom rig die Here Jesus Persoonlik hierdie uitnodiging aan die wat eerlik worstel om vrypraak oor hulle sondes te kry – of om te glo dat hulle dit gekry het:

Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.
(Matteus 11:28 AFR1953)

Wat sê die Here Jesus vir hulle?

Hy sê vir die mense wat geen raad met hulleself weet nie, en wat dikwels ook nie meer die krag het om teen hulle sondes te stry nie, dat Hy 'n verlossingspad vir hulle beplan het en dat Hyself hierdie verlossing uitgevoer het vir hulle.

Hy maak ook hierdie verlossingspad bekend. Dis nie 'n geheim wat Hy gedoen het nie.

- Hy is die Bron/ Bewerker van ons verlossing.
- *Hy het ons verlos van ons spannings en die dinge wat ons bedreig deur die een wat dit veroorsaak, te verslaan.*

Dit is belangrik dat ons verstaan waarom die Here dit gedoen het.

- Daardie daad openbaar die Here se besondere liefde vir mense.
- Hy het hulle so lief dat Hy op hierdie manier genade aan hulle wou bewys – en inderdaad ook bewys het.

Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe.

(1 Johannes 4:9 AFR1953)

Wat is die resultaat van die verlossing vir ons? Dit gee vrede met God.

- Vrede met God beteken dat alle dinge wat die duiwel oor ons bewerk meteens aan bande gelê word.
- Baie prakties beteken dit dat dinge soos hierdie geloofsworsteling en selfs geloofstwyfel weggaan.
 - o Die Here vervang dit met geloofsekerheid.
 - o Ander kwellings wat ons het, vervang Hy met dinge soos uitkoms en aanvaarding.

Dink net hoe magtig is die dood.

- Vir ons is die dood baie magtig – ons het geen verzet daarteen nie.
- Vir die Here is die saak heeltemal anders: Hy het ons verlos van die dood.
 - o As ons liggame die dag sterf, bestaan en leef ons dadelik by God verder.
- Hy gee ons hierdie vrede dat ons van die mag en die ang van die dood verlos is.

Die vrede wat ons by die Here kry, lê gebed in die feit dat die reg van die Here oor ons sondes sy volle pad geloop het.

- Ons het die vrede dat daar nie meer uitstaande sake tussen ons en die Here is nie – daar is nie verrassings waarvan ons nie weet nie!
- Die Here gee ons die versekering dat Hy alles wat Hom kwaad gemaak het, volledig gestraf het in sy Seun, ons Here Jesus Christus.

Daarom kan die Here Jesus Christus vir ons sê:

Alles is aan My oorgegee deur my Vader, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar. Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. (Matteus 11:27-28 AFR1953)

Die Here Jesus gee vir ons die volle saligheid omdat Hy die reg van God volbring het.

- Hy het gemeenskap met ons deur die werk van sy Heilige Gees.
- Die Heilige Gees werk geloof en vertrou in die Here in ons – en daarmee saam die rus en vrede dat ons nie in spanning hoef te lewe dat die Here ons nie ons sondes vergewe nie.

Maar by die versekering dat die Here aan ons sy vrede gee, is daar ook 'n baie ernstige waarskuwing:

- Ons kan nie ons verlossing in onself soek nie.
- Ons kan dit ook nie in ander mense (of selfs diere) soek en dit daar kry nie.
- Dis afgodsdienste wat ons saak met die Here net verswaar.

Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood. (Spreekw 14:12 AFR1953)

Geen mens se werke of sy gebede kan hom of iemand anders red nie.

- Die enigste Verlosser is die Here Jesus Christus.
- Daar is in die hele skepping niks en niemand wat die toorn van die Here kan verduur sonder om uitgewis te word nie. Die rede is eenvoudig: Dis alles vervloek. Nadat Adam en Eva sonde gedoen het, het die Here gesê:

Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie — vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. (Genesis 3:17 AFR1953)

Sal die Here my/jou regtig vergewe?

Die antwoord is: Ja.

Die rede: Want ek en jy behoort aan die Here!

Ons Verlosser — sy Naam is HERE van die leërskaer, die Heilige van Israel. (Jesaja 47:4 AFR1953)

Die saak is nie 'n geheim nie!

- Dis nie eers nou dat ons met moderne navorsing uitgevind het dat die Here die enigste en reddende God is nie!
- Hy het dit van altyd af geopenbaar. Ons wil dit maar net nie altyd onthou nie!

Verkondig en bring voor, ja, laat hulle saam raad hou: Wie het dit van ouds af laat hoor, lank tevore dit verkondig? Is dit nie Ek, die HERE, nie? En buiten My is daar geen ander God nie: 'n regverdige en reddende God is daar buiten My nie. (Jesaja 45:21 AFR1953)

Die feit is eenvoudig: Moenie enige ander middelaar vertrou nie. Dit gaan nie werk nie! Dit gaan die een wat so 'n middelaar soek en vertrou, laat verlore gaan.

Onthou wat die Here Jesus self gesê het:

As iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of: Daar! —moet dit nie glo nie.
(Matteus 24:23 AFR1953)

Daarom is daar net een enkele Middelaar wat die regte Een is. Die enigste Een wat verlossing kan gee. Dis Hy wat ons nooit om by Hom rus te kom vind. Die Bybel openbaar Hom soos volg:

En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregtig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlijkheid. (1 Timoteus 3:16 AFR1953)

Kom ons kyk na Kategismus Sondag 5 waar al hierdie sake min of meer saamgevat word:

Vraag 12: Aangesien ons volgens die regverdige oordeel van God die tydelike en ewige straf verdien het, hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?

Antwoord: God wil dat daar aan sy geregtigheid voldoen word (a). Daarom moet ons óf deur onself óf deur 'n ander ten volle betaal (b).

(a) Gen 2:27; Eks 23:7; Eseg 18:4; Matt 5:26; 2 Tess 1:6; Luk 16:2. (b) Rom 8:4.

Vraag 13: Kan ons deur onself betaal?

Antwoord: Nee, glad nie; ons maak juis ons skuld elke dag nog groter (a).

(a) Job 9:2; 15:15, 16; 4:18, 19; Ps 130:3; Matt 6:12; 18:25; 16:26.

Vraag 14: Kan enige ander skepsel vir ons betaal?

Antwoord: Nee, want Ten eerste wil God aan geen ander skepsel die skuld straf wat die mens gemaak het nie (a). Ten tweede kan geen gewone skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsels daarvan verlos nie (b).

(a) Eseg 18:4; Gen 3:17. (b) Nah 1:6; Ps 130:3.

Vraag 15: Hoe 'n middelaar en verlosser moet ons dan soek?

Antwoord: So een wat 'n ware (a) en regverdige (b) mens is, maar nogtans ook sterker as alle skepsels is, dit wil sê wat terselfdertyd ware God is (c).

(a) 1 Kor 15:21; (b) Heb 7:26. (c) Jes 7:14; 9:5; Jer 23:6; Luk 11:22.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 145:5, 11 (p. 696)

- 5 Hul sal, o HEER, u goedheid bly herdink / en vir u heil die jubels op laat klink:
genadig, goed, lankmoedig soos weleer, / barmhartig en 'n redder is die HEER.
- 11 Hy gee die wens van almal wat Hom vrees; / op hul geroep wil Hy 'n redder wees.
Sy hand verdelg die goddelose, maar / die wat Hom liefhet, sal die HEER bewaar.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 22 Februarie 2009